

# VERBINDING VAN MENSE

VIR 'N BETER TOEKOMS - NOU

# INDEX

- Bemerkingswenke vir moeilike ekonomiese tye
- Lening aan trusts in die kollig
- Droogte toets lande se aanpasbaarheid
- Effekte, goud aantreklike beleggingsopsies, met eiendomsaandele wat duur bly
- Nuwe belastingwetgewing het groot invloed op vee- en wildboere
- Nuwe Kodes vir B-BBEE: Vra jouself hierdie vrae



## Bemarkingswenke vir moeilike ekonomiese tye

Wanneer 'n resessie dreig of moeilike tye ons in die gesig staar, besnoei ons dikwels eerste op die bemarkingsbegroting. Volgens verskeie bemarkingskenners beteken 'n sukkelende ekonomie nie noodwendig dat bemarkingsbesteding gesny moet word nie. Ontwikkel eerder 'n begrip van hoe die behoeftes van jou kliënte en rolspelers verander het en pas jou strategieë by hierdie nuwe realiteit aan. Suksesvolle maatskappye doen nie weg met hul bemarkingstrategie gedurende 'n resessie nie; hulle pas dit aan. Daar is selfs aanduidings dat handelsmerke wat bemarkingsbesteding verhoog gedurende swak ekonomiese tye hul markaandeel en beleggingsinkomste verbeter het.

Hier is vyf wenke vir die ontwikkeling van 'n bemarkingsplan wat die swak ekonomiese siklus die hoof kan bied:

### 1. Handhaaf jou bemarkingsbegroting

Daar is talle historiese voorbeelde dat handelsmerke wat gedurende 'n resessie meer aan advertering bestee, wanneer die kompetisie besnoei, hul markaandeel en beleggingsinkomste verbeter het teen 'n laer koste as gedurende goeie ekonomiese tye. Nou is ook 'n goeie tyd om te onderhandel vir daardie spesiale tariewe by advertensie maatskappye wat verliese ly omdat hul ander kliënte hul begroting sny.

### 2. Doen navorsing oor kliënte

Jy moet verstaan hoe jou kliënte reageer op die nuwe ekonomiese realiteit en hoe dit hul koopgedrag beïnvloed. Gedurende moeilike tye neem kliënte dikwels langer om te soek na gehalte-produkte en hulle onderhandel ook meer by die verkooppunt. Hulle is meer gewillig om aankope uit te stel, goedkoper produkte te probeer of om minder te koop. Bestee genoeg tyd daaraan om onderhoude te doen en vas te stel wat jou kliënte se veranderende behoeftes is.

### 3. Verdedig jou markaandeel (en wen selfs veld)

Wanneer jy uit jou kliënte se oog verdwyn, gee dit aan jou kompetisie die ideale geleentheid om markaandeel by jou af te rokkel. Daar is meriete in die uitdrukking "Uit die oog, uit die hart", veral in 'n era wanneer ons met inligting gebombardeer word. Indien jy noodgedwonge jou begroting moet sny, probeer om die frekwensie van jou advertensies te handhaaf deur byvoorbeeld van 15-sekonde-advertensies pleks van 30-sekonde-advertensies gebruik te maak of om 'n geleentheid aan te bied vir 30 kliënte pleks van 100, om maar 'n paar moontlikhede te noem.

### 4. Ondersteun jou verskaffers

Jy is nie al een wat die knyp van die ekonomie voel nie, jou verskaffers probeer ook om kontrakte te sluit wat hulle sal help om deur die moeilike tye te kom. Nou is die ideale tyd om daardie verhouding te versterk, want niemand wil gebruikskapitaal opgesluit hê in surplusvoorraad nie. Bespreek moontlikhede vir toegewings vir vroeë aankope, verlengde finansiering en ruim terugkoop-aanbiedinge om verskaffers te motiveer om die voorraad wat jy benodig teen 'n verlaagde koste aan te hou.

### 5. Pas jou prystaktiek aan

Kliënte sal nou op soek wees na besparings en mag dalk selfs gewillig wees om nuwe handelsmerke te beproef indien dit dieselfde waarde teen 'n laer koste bied. Jy hoef nie noodwendig jou pryse te verlaag nie, maar jy kan meer tydelike pryspromosies bied, die drempel vir grootmaat-afslag verlaag en krediet vir jarelange kliënte bied.

Vorberei deur CORE Bemarking en Openbare Betrekkinge  
Vir meer inligting, skakel 051-448 8188

## Lening aan trusts in die kollig



Die wetgewer is tans baie bekommerd oor die vermyding van boedelbelasting en skenkingsbelasting deur middel van die oordrag of verkoop van bates aan 'n trust deur middel van 'n rentevrye leningsrekening. In dié verband is konsepwysigings aan die Inkomstebelastingwet ("Wet") deur middel van die nuwe artikels 7C en 56 van die Wet uitgereik. Ingevolge die Verklarende Memorandum is die doel van die nuwe konsep van artikel 7C om die vermyding van boedelbelasting en skenkingsbelasting deur die oordrag of verkoop van bates aan 'n trust deur middel van 'n rentevrye leningsrekening te bekamp.

'n Persoon wat bates aan 'n trust wil oordra, het tans die volgende opsies, elk met verskillende belastinguitkomst:

- Die eerste opsie laat iemand toe om bates te skenk, wat dan sal lei tot skenkingsbelasting teen 20 persent van die redelike markwaarde van die bates in die hande van die skenker.
- Tweedens mag 'n persoon die bates aan die trust op leningsrekening teen 'n rentekoers op 'n armlengtegrondslag verkoop. Indien rente op die lening markverwant is, sal die verkoper volledig belas word op die rente-komponent van die terugbetaling van die lening.
- Laastens mag 'n persoon die bates aan die trust op leningsrekening verkoop teen 'n rentekoers wat laer as armlengte is, of geen rente op die lening hef nie.

Volgens die Verklarende Memorandum is dit die gebruik van die derde opsie waarvoor die wetgewer tans bekommerd is.

Wanneer die bate op hierdie wyse teen markwaarde aan 'n trust verkoop word, sal dit nie aanleiding gee tot skenkingsbelasting nie, aangesien daar geen vrywillige beskikking is soos vereis word vir skenkingsbelastingdoeleindes nie.

Saam met bogenoemde is daar ook gevalle waar die verkoper die leningskapitaal verminder wat veronderstel is om aan hom/haar terugbetaal te word deur bedrae aan die trust te skenk wat dan afgetrek word van die lening aan die trust. Dit word gedoen aan die hand van die huidige bepalinge van afdeling 56(2)(b), wat voorsiening maak vir die jaarlikse vrystelling van R100 000 van skenkingsbelasting. Voorts is die gevolg ook vermyding van boedelbelasting deur die belastingvrye vermindering van die bate-basis van die verkoper wat verkry word deur so 'n jaarlikse skenking aan die trust.

As gevolg van die feit dat die lening rentevry is of 'n lening met rente laer as die markkoers, met ander woorde geen rente word aan die verkoper betaal nie of die rente wat betaal word, is minder die markkoers, is die verkoper nie verantwoordelik vir die betaling van inkomstebelasting op die rente waarvan afstand gedoen is nie of nie verantwoordelik vir die betaling van inkomstebelasting op die rente wat minder as die markkoers is nie. Dit lei tot 'n verdere gaping in die belastingbasis.

Ten einde belastingbetalers se vermoë te beperk om rykdom oor te dra sonder dat belasting betaal word, is konsepwetgewing voorberei wat reëls voorstel vir rentevrye lenings of lenings met rente laer as markkoers wat direk of indirek aan 'n trust gemaak word deur 'n natuurlike persoon of 'n maatskappy wat 'n verbonde persoon aan die trust is.

Ingevolge hierdie reëls, soos uiteengesit in die Verklarende Memorandum, word voorgestel dat 'n bedrag gelykstaande aan die verskil tussen die rente wat sou voortspruit soos bepaal aan die hand van die amptelike rentekoers (soos bepaal in terme van die Sewende Bylae van die Wet) en die toepaslike werklike koers van die lening wat laer as die markkoers aan 'n trust gemaak word, beskou sal word as inkomste verkry of ontvang deur die verkoper. So 'n bedrag wat as inkomste toegereken word aan die verkoper sal nie kwalifiseer vir die artikel 10(1)(i)-vrystelling op rente ontvang of toegeval nie.

Aangesien daar geen werklike betaling van rente deur die trust aan die verkoper plaasvind nie, sal daar voorts geen aftrekking deur die trust geëis kan word nie. In die geval van lenings met 'n rentekoers laer as die markkoers, sal slegs die bedrag van die rente laer as die markkoers wat werklik deur die trust aan die verkoper betaal is as aftrekking geëis kan word indien daar aan die vereistes van die algemene aftrekkingsformule voldoen word.

Bykomend sal geen vermindering van die rentevrye lenings of lenings met rente laer as die markkoers waarop hierdie reëls van toepassing is, kwalifiseer vir die artikel 56(2)(b)- jaarlikse vrystelling van R100 000 van skenkingsbelasting nie.

Indien die voorgestelde bewoording van artikel 7C van die Wet in detail bestudeer word, glo ons die werklike implikasies daarvan strek veel wyer as die wetgewer se bedoeling daarmee. Uit die bewoording in artikel 7C blyk dit dat die voorstel rakende belasbare rente van toepassing sal wees op enige bedrag wat deur enige trust verskuldig is aan 'n natuurlike persoon of 'n maatskappy verwant aan die trust.

Dus sal artikel 7C eerstens van toepassing wees op enige lening verskaf deur sulke gelyste verbonde persone tot 'n trust, ongeag die feit dat, indien die lening verband hou met 'n bate wat oorgedra of verkoop is aan die trust, die voorstel rakende belasbare rente van toepassing sal wees. Dit blyk veel wyer te wees as die doel of strekking soos per die Verklarende Memorandum.

Die volgende is voorbeelde van lenings wat ook onderworpe sal wees aan die voorstel rakende rente waar die lening nie gebruik is om die verkoop van 'n bate aan 'n trust te finansier nie:

- Uitkerings aan begunstigdes waar die begunstigdes effektiewelik die uitkeringsbedrag aan die trust teruggeleen het – sulke lenings is nie noodwendig aangewend vir die befondsing van die verkryging van 'n bate deur die trust nie.
- Lenings verskaf aan 'n trust deur verbonde persone aan die trust ten einde uitgawes van die trust te befonds waar die trust 'n gebrek aan beskikbare fondse het, byvoorbeeld waar 'n trust gevestig in terme van 'n testament (byvoorbeeld vir minderjarige begunstigdes) bates besit wat aan die trust oorgedra is in terme van die testament, maar sodanige testamentêre trust het nie die nodige kontant om die dag-tot-dag uitgawes daarvan te dek nie – weer eens is sulke lenings nie noodwendig aangewend vir die befondsing van die verkryging van 'n bate deur die trust nie.

Wat potensieel selfs ernstiger kommer wek, is dat dit slegs verwys na “trusts” en nie onderskeid tref tussen die verskillende soorte trusts nie. Indien die strekking van die wysiging soos gestel in die Verklarende Memorandum bereik wil word, kan die vermydingstrusts wat geteiken word, slegs diskresionêre trusts wees,

aangesien bewindtrusts, waar die bates, ens. in die trust reeds berus by 'n begunstigde, nie gebruik kan word om boedelbelasting te ontduik nie. Bewindtrusts is 'n gewilde entiteit in Suid-Afrika vir klein tot medium besighede, met die “eenaars” van die besigheid wat elk 'n persentasie van hierdie bewindtrust besit deur eenheidsertifikate wat geallokeer word.

Die impak van die voorgestelde artikel 7C is dat enige aanvangs- of ander befondsing wat verskaf is deur die eenaars van die bewindtrust onderhewig sal wees aan die voorstel rakende belasbare rente selfs al is geen bates oorgedra/verkoop aan die trust nie! Dit sal ook nie in lyn wees met ander entiteitsoorte wat gebruik word om klein tot medium sake te doen nie, soos maatskappye en beslote korporasies, aangesien die aandeelhouders en lede van die maatskappye en beslote korporasies toegelaat word om rentevrye lenings aan hierdie entiteite te verskaf sonder om gepenaliseer te word. Duidelik moet 'n bewindtrust wat as besigheidstrust funksioneer dieselfde behandeling geniet.

Voorts mag die bedrag van normale belasting wat toegeskryf word aan die inkomste wat ingesluit is in die inkomste ontvang of verkry deur die verkoper verhaalbaar wees deur die verkoper van die trust aangesien die trust voordeel trek uit die heffing van lae of geen rente. Indien die verkoper nie hierdie belasting van die trust verhaal binne 'n periode van drie jaar ná die einde van die jaar van assessering waarin die inkomste ingesluit is in die inkomste van die verkoper nie, sal die belasting wat toegeskryf word aan daardie inkomste beskou word as 'n skenking deur die verkoper aan die trust op die datum waarop die periode van drie jaar eindig en sal dit dus onderworpe wees aan skenkingsbelasting.

Hierdie bepaling is na ons mening onduidelik en ook nie prakties nie. Eerstens is dit nie duidelik wat ingevolge hierdie wetgewing bedoel word met “verhaal” nie. Moet die belasting deur die trust betaal word (byvoorbeeld in kontant) of kan dit verhaal word, maar steeds verskuldig wees deur die trust aan die verbonde persoon, byvoorbeeld per leningsrekening? Tweedens, indien die wetgewing impliseer dat dit betaal moes word, mag dit weens 'n gebrek aan fondse onmoontlik wees vir die trust om die bedrag aan die trust te betaal, wat dan sal lei tot skenkingsbelasting sonder dat daar 'n bedoeling was om so 'n skenking te maak.

Hierdie konsepwysigings aan die Wet laat ernstige kommer ontstaan oor die praktiese implikasies vir trusts en leningsrekeninge. Daar is min twyfel daaroor dat die kwessies wat in hierdie artikel uitgelig is, oor die volgende paar maande nog hewig gedebatteer sal word.

[ Voorberei deur CORE TAX  
Vir meer inligting, skakel 051-448 8188 ]



## Droogte toets lande se aanpasbaarheid

Objektiewe meting is 'n voorkeur-vereiste vir die toepassing van beleid, maar te dikwels stuur politieke doelwitte finale besluitneming. Voedselsekuriteit is 'n strewe, maar vir baie lande met akute voedseltekorte bly dit 'n onbereikbare droom, tensy humanitêre hulp van buite die landsgrense uitkoms bied. Huishoudelike voedselsekuriteit is die gevolg en chroniese honger se sodanige destruktiewe gevolge het in 2015 aanleiding gegee tot die hersiening van die Voedsel- en Landbou-organisasie (FAO) se doelwitte ten opsigte van volhoubare ontwikkeling.

Voedsel en landbou is omvattend geïntegreer in die 17 doelwitte wat strek van armoedeverligting, die uitwissing van hongersnood, verbeterde voedselsekuriteit en volhoubare landbou teen 2030. Daar is ook duidelike doelwitte aanvaar ten opsigte van die verband tussen optimale hulpbronaanwending en hoe dit tot onder meer die bevordering van voedselsekuriteit kan bydra. In vele opsigte is dié 17 doelwitte dus gevrywaar teen politieke manipulasie. 'n Land se voldoeningstatus kan dalk toekomstige hulp rig, want daar is gewoon net nie meer kapasiteit om chronies afhanklike lande te help as dié lande nie self ook wil en kán inspring om hul eie huis in orde te kry nie.

Die huidige droogte is 'n goeie toets vir lande se bereidwilligheid om aan te pas by die direkte gevolge, maar ook om te wys hoe dit toekomstige beleid kan rig. In Suid-Afrika was daar 'n ongehoorde en onaanvaarbare gesloer om die land droogtegeteister te verklaar. Met agt van die nege provinsies wat nou verklaar is tot droogtegeteisterde gebiede, ontsluit dit ander hulp. Dit lei egter tot vroeë toekomstige beleid wat al hoe belangriker word. Dieselfde geld ander lande in die streek wat afhanklik is van reën en gunstige landboustoestande in Suid-Afrika.

'n Gesaghebbende en objektiewe ontleding van 113 lande se voedselsekuriteitstatus word jaarliks deur Du Pont gepubliseer. Dit gee 'n interessante blik op elke land se geskiedkundige prestasie binne drie verskillende kategorieë, welke indekse vervolgens geëkstrapoleer moet word om die nuutste verwickelinge te verreken. Die Du Pont-indeks ontleed die drie komponente van voedselsekuriteit, naamlik bekostigbaarheid, beskikbaarheid, en gehalte en veiligheid. Dié ontledings word gedoen aan die hand van 28 unieke aanwysers. Die 2016-ontleding dui op matige verbetering sedert 2015 in Europa (+0.9), Sentraal- en Suid-Amerika (+0.8), Noord-Amerika (+0.7) en Asië en die Stille Oseaan-kom (+0.6) as groepe lande. Met 2,7 het Indonesië die grootste styging getoon van die tien lande. Jemen se indeks het met 4,2 gedaal en onder die tien lande met die grootste daling tel Malawi (-0,6) en Botswana (-0,9). Elk van dié lande sal na verwagting verdere dalings ervaar in die volgende jaar, gegewe die impak van die huidige droogte.

Wat Suid-Afrika betref (Namibië neem nie deel nie), lê die land 47ste uit 113 lande met 'n indeks van 62,9. Sover dit voorsiening aangaan, is Suid-Afrika 31ste en bekostigbaarheid en veiligheid 53ste. Sterkpunte (met 'n telling van 75 en meer) sluit in die aanwesigheid van voedselbeskermingsprogramme, voedingstandaarde, voedselveiligheid, voedselverliese en tariefbeskerming ten opsigte van invoere.

Belangrike aanwysers wat die toekomstige verbetering van die indeks kan strem, is die persentasie van die bevolking wat onder die bestaansminimum leef, asook boere se toegang tot finansiering. Die huidige hoë persentasie werkloos en die impak van die droogte op boere se kredietwaardigheid sal 'n negatiewe impak op toekomstige indekse hê.

**[ Voorberei deur CORE Business Development  
Vir meer inligting, skakel 051-448 8188 ]**



## Effekte, goud aantrekklike beleggingsopsies, met eiendomsaandele wat duur bly

Brittanje se historiese keuse om die Europese Unie (EU) te verlaat het markte skerp laat val. Kort ná die referendum het globale beleggers vinnig uit risiko bates na lae-risiko bates beweeg en die JSE het onmiddellike verliese ervaar - gedurende Junie het die JSE ALSI met 3.1% gedaal. Maatskappyverdienste het onder druk gebly en verdienste is 20% laer oor 12 maande, wat lei tot 'n volgehoue duur plaaslike mark met 'n historiese prysverdienste verhouding (PE-ratio) van ongeveer 22. Al drie die hoof-indekses het geval, aangesien verkope regdeur die algehele mark plaasgevind het. Goud en goudaandele het uitstekend gevaar en met 23.7% verbeter soos wat beleggers die veiligheid daarvan opsoek het.

Internasionale beleggers het hulle deur die opmerkings van die Amerikaanse Federale Reserweraad se voorsitter, Janet Yellen, laat lei. 'n Baie stadiger toename in Amerikaanse rentekoerse, op die rug van 'n voortgesette stadig-groeiende ekonomie, het veroorsaak dat beleggers terugbeweeg na ontluikende markte. Die MSCI EM-indeks het met 4% gegroei, terwyl die MSCI-wêreld-aandele-indeks met 1.12% gedaal het. Ontluikende markte is in 2015 hard geslaan en het gevolglik 'n verliggende herstel getoon vir die jaar sover. Algemene aandelemarkwaardasies is nie goedkoop nie, met korporatiewe verdienste wat onder druk is. Waardasies word steeds ondersteun deur lae rentekoerse, terwyl die wêreld ekonomie sukkel om 'n vastrapplek te kry.

Plaaslik genoteerde eiendomsaandele het met 1.1% verbeter in Junie ná die 3%-daling in Mei. Dit bring bogenoemde aandele se jaarlikse opbrengs na net oor die 11%, en maak dit dus een van die bateklasse wat die beste presteer het gedurende die tydperk. Pryse het die maand in simpatie met die sterk bewegings van effekte beweeg. Waardasies oor die volle spektrum van eiendomsaandele bly duur. Die historiese opbrengs van hierdie sektor is 5.8% ('n bietjie goedkoper as in Mei) en bied 'n eenjaar- vooruit-opbrengs van 6.3%. Dit bly duur as dit vergelyk word met die 9.3%-opbrengs van tienjaar-effekte. Soos die geval is in alle marksektore, is daar 'n groot verskil in waardasies tussen die verskillende effekte.

Die rand het erg gefluktueer die afgelope paar maande in vergelyking met die groot geldeenhede. Dit het grond gewen tydens April, maar in Mei 10% teen die Amerikaanse dollar verloor. Vanaf die jaar se baie swak beginpunt het die rand tog met 6% teenoor die Amerikaanse dollar versterk, ten spyte van die Brexit-stem aan die einde van Junie. Dit het ook veld gewen teen die euro en die pond, nadat die pond tot 'n 30-jaar-laagtepunt teenoor die Amerikaanse dollar verswak het. Die rand word ten spyte van winste steeds ondergewaardeer teen 'n mandjie van geldeenhede as dit op grondslag van 'n suiwer koopkrag-pariteit gemeet word.

Nadat sowel Fitch as S&P Suid-Afrika se plaaslike en buitelandse geldeenheid-gradering bevestig het, het effekte versterk en sodoende aan beleggers 'n totale opbrengs van net oor die 4% op die ALSI gegee. Die grootste deel van die prestasie is deur die langer-termyn effekte gelewer soos wat die opbrengskurve afwaarts beweeg het. Sedert Desember 2015 se ramp, toe opbrengste uit die water geblaas is, is effekte 'n wonderlike bateklas wat aan beleggers 'n opbrengs van 11.2% oor ses maande gebied het. Buitelanders het R16 miljard in plaaslike effekte binne 'n maand gekoop. 'n Vraagteken hang nou oor die waarde. Die opbrengs op die R186 het op ongeveer 8.8% gesluit, vanaf 9.4%, en verhandel teen hierdie vlakke waarskynlik op billike waarde.

Met die Amerikaanse monetêre beleid skynbaar vir eers op die kantlyn en rentekoerse taamlik laag, het beleggers teruggeklim op die staatseffekte-wa. Die Brexit-stem het hierdie tendens versterk, wat meegebring het dat opbrengste teruggesak het na historiese laagtepunte. Die opbrengs van die Amerikaanse tienjaar-effekte het Mei geeëindig op 1.84%, wat laag gelyk het, maar vloeië het dit verder afdruk na 1.46%. Aan die begin van Julie het dit verhandel teen 1.38% en sommige kommentators verwag dat dit gaan val na 1%. Die Duitse tienjaar-effekte het die eerste keer ooit na negatiewe nominale opbrengste gedaal. Daar is ongeveer \$12 triljoen "belê" in negatiewe opbrengs effekte.

**[ Voorberei deur CORE Financial Solutions  
Vir meer inligting, kontak 051-448 8188 ]**





## New tax legislation will have a big influence on livestock and game farmers

Voldoende likiditeit in 'n boedel bied die sleutel tot spoedige en effektiewe boedelafhandeling. Versteekte kostes het egter tot gevolg dat daar in baie gevalle nie voldoende likiditeit in 'n boedel beskikbaar is nie, sê Piet Swanepoel, direkteur van CORE Trusts & Estates.

Wanneer 'n persoon te sterwe kom, moet alle laste, koste en belastings in sy boedel betaal word voordat die restant van sy bates ooreenkomstig sy testament verdeel kan word. Wanneer 'n mens vinnig somme maak om te bepaal of daar voldoende fondse in die boedel beskikbaar sal wees, word daar dikwels net aan die laste in die boedel gedink.

Die koste in 'n boedel behels onder meer die eksekuteursvergoeding, die fooi vir die Meester van die Hooggeregshof, waardasie- en advertensiekoste, begrafniskoste, asook oordragkoste van vaste eiendom.

Wat die belastings betref wat in 'n boedel betaalbaar sal wees, is daar hoofsaaklik boedelbelasting, kapitaalwinsbelasting en ook inkomstebelasting. Daar is reeds baie geskryf oor boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting en hierdie artikel gaan dus nie breedvoerig hieroor uitwei nie.

Wat inkomstebelasting betref, is daar onlangs 'n nuwe artikel 9HA tot die Inkomstebelastingwet gevoeg waarvan min mense nog bewus is. In kort kom dit daarop neer dat, wanneer 'n persoon te sterwe kom ná 1 Maart 2016, dit geag word dat hy al sy bates, insluitend sy voorraad, verkoop het teen markwaarde. Vir 'n boer is sy lewende hawe en wild sy voorraad.

Bogemelde bepaling was reeds van toepassing op kapitale bates, soos grond, en daar is kapitaalwinsbelasting hierop betaalbaar. Daar was voorheen ook kapitaalwinsbelasting betaalbaar op alle lewende hawe in 'n boedel, op die verskil tussen die markwaarde en standaardwaarde van die lewende hawe. (Die standaardwaarde van lewende hawe is 'n baie lae belastingwaarde wat in terme van die Inkomstebelastingwet aan lewende hawe gekoppel word.) Wild het 'n standaardwaarde van nul. Die effektiewe maksimum belastingkoers uit 'n kapitaalwinsbelasting-oogpunt beloop in die omgewing van 16,4% van wins (die verskil tussen basiskoste en markwaarde) wat belas word.

Die invloed van die nuwe artikel 9HA tot die Inkomstebelastingwet is dat lewende hawe en wild in plaas van kapitaalwinsbelasting nou aan inkomstebelasting onderhewig sal wees. Die maksimum inkomstebelastingkoers kan soveel as 41% van die waarde van die lewende hawe en wild wees. Die toename in koste (in die vorm van belasting) in die boedel is dus in die omgewing van 24,6% van die waarde van die lewende hawe en wild in die boedel. Indien die waarde van die lewende hawe en wild in u boedel dus R1 miljoen beloop, sal daar ná 1 Maart 2016 tot soveel as R246 000 in bykomende belasting in die boedel betaalbaar wees.

Bogemelde probleem moet nie in isolasie beskou word nie. Die beste uitweg is om 'n behoorlike boedelbeplanning te laat doen deur iemand wat op hierdie gebied spesialiseer. 'n Behoorlike boedelbeplanning het verskeie voordele. Een van die voordele van so 'n boedelbeplanning is dat daar gekyk word na hoe die boedel gestruktureer kan word om belastingvoordelige strukture wat in die Inkomstebelastingwet beskikbaar is, optimaal te benut sodat u nie net by afsterwe nie, maar ook in lewe onder meer belasting kan bespaar en ook 'n groot besparing in boedelverwante koste teweeg kan bring.

Verder sal daar tydens 'n behoorlike boedelbeplanning in detail gekyk word na die uitvoerbaarheid van die testament, die bepaling van trustaktes en of dit in ooreenstemming met nuutste wetgewing en hofuitsprake is, die kontantvloei in die boedel, voorsiening vir versorging van afhanklikes en ook opvolgbeplanning vir besighede.

[ Voorberei deur CORE Trusts & Estates  
Vir meer inligting, skakel 051-448 8188 ]

## Nuwe Kodes vir B-BBEE: Vra jouself hierdie vrae



Die afgelope paar maande het ons heelwat navrae gehad van bekommerde kliënte wat, dikwels te laat, beseft het dat hulle nie gerat is vir die nakoming van die Nuwe Kodes vir B-BBEE nie. Om te voorkom dat jy jouself in 'n soortgelyke posisie bevind, vra jouself hierdie vrae:

### In watter kategorie sal my besigheid val?

Kategorisering in terme van B-BBEE is hoofsaaklik op twee faktore gebaseer:

- 1) Die jaarlikse totale omset; en
- 2) Die persentasie swart eienaarskap van die besigheid.

Die onderstaande tabel illustreer die drie kategorieë, soos bepaal deur die jaarlikse totale omset van die besigheid, asook die toepaslike nakomingsraamwerk gebaseer op die persentasie swart eienaarskap van die besigheid:

Totale jaarlikse omset	Kategorie gebaseer op totale jaarlikse omset	Nakomingsraamwerk gebaseer op % swart eienaarskap (SE)		
		< 51% SE	> 51% SE	100% SE
< R10m	Vrygestelde mikro-ondernemings (EME's)	Beëdigde verklaring – vlak 4	Beëdigde verklaring – vlak 2	Beëdigde verklaring – vlak 1
R10m – R50m	Kwalifiserende Klein Onderneming (QSE's)	B-BBEE-verifikasie-sertifikaat gebaseer op QSE-telkaart	Beëdigde verklaring – vlak 2	Beëdigde verklaring – vlak 1
> R50m	Generiese Ondernemings	B-BBEE-verifikasie-sertifikaat gebaseer op generiese telkaart	B-BBEE-verifikasie-sertifikaat gebaseer op generiese telkaart	B-BBEE-verifikasie-sertifikaat gebaseer op generiese telkaart

*\*\* Sektorkodes mag van verskillende omset-drempels gebruik maak*

Aan die hand van die bostaande tabel kan jy vasstel of jou besigheid aan die kriteria van die telkaarte moet voldoen. Indien nie (vir 'n EME of 'n >51%-swarteienaarskap-QSE), kan jy 'n sug van verligting slaak, wetende dat jou besigheid se B-BBEE-nakoming bevestig kan word deur bloot 'n beëdigde verklaring af te lê op die formaat wat deur die Dti voorgeskryf word.

Indien jou besigheid nie kwytkeskeld word nie, is dit noodsaaklik dat jy die toepaslike telkaart-onderafdelings en teikens begryp. Maar eers moet jy toesien dat jou besigheid erken sal word as 'n Bemagtigende Verskaffer.

Sal my besigheid erken word as 'n Bemagtigende Verskaffer?

Een van die nuwe vereistes in die Nuwe Kodes staan bekend as die "Bemagtigende Verskaffer-vereiste". Hierdie vereiste is 'n voorvereiste vir B-BBEE-nakoming.

Die eerste stel vereistes bepaal dat die besigheid:

- 1) 'n entiteit met B-BBEE-nakoming moet wees (dus 'n vlak 1 – 8-bydraer);
- 2) wat 'n Suid-Afrikaanse entiteit van goeie stand is; en
- 3) wat voldoen aan die regulatoriese vereistes van die land.

Tweedens moet QSE's voldoen aan minstens een van die vereistes hieronder, en in terme van Generiese Ondernemings aan minstens drie:

1)	25% van die koste van verkope (uitsl. arbeidskoste en waardevermindering) moet verkry word vanaf Suid-Afrikaanse vervaardigers of verskaffers
2)	50% van nuwe werksgeleenthede moet deur swart mense gevul word (en die getal swart werknemers sedert die vorige metingsjaar moet gehandhaaf word)
3)	Minstens 25% van die transformasie en/of benefisiëring van rou materiaal moet in Suid-Afrika plaasvind (insl. vervaardiging, produksie, montering en verpakking)
4)	Minstens 12 dae (binne die metingsjaar) moet bestee word aan die oordrag van vaardighede aan EME's en QSE's in swart besit ten einde hul operasionele of finansiële kapasiteit te verhoog
5)	Minstens 85% van arbeidskoste moet aan Suid-Afrikaanse werknemers betaal word (slegs van toepassing op entiteite in die diensbedryf)

Jou B-BBEE-sertifikaat sal waardeloos wees vir jou kliënte indien jou besigheid nie erken word as 'n Bemagtigende Verskaffer nie as gevolg van die feit dat Voorkeurverskaffer-punte slegs op die telkaart verdien kan word vir verkryging vanaf Bemagtigende Verskaffers.

### Sal my besigheid voldoen aan die sub-minimumvereistes vir die prioriteitselemente?

Die Nuwe Kodes bevat prioriteitselemente. Indien jou onderneming nie voldoen aan die sub-minimumvereistes vir die prioriteitselemente nie, sal jou uitslag op die B-BBEE-telkaart van jou onderneming met een vlak verminder word.

Die onderstaande tabel bied 'n opsomming van die sub-minimumveresites vir elk van die prioriteitselemente:

Kategorie	Eienaarskap	Vaardigheidsontwikkeling	Onderneming- en verskaffer-ontwikkeling
QSEs:	40% van nettowaarde-punte 3.2/8 punte ** verpligtend	40% van totale gewig van punte (uitsl. bonuspunte) 10/25 punte	40% van elk van die drie kategorieë: Voorkeurverskaffer: 8/20 punte & Verskaffer-ontwikkeling: 2/5 punte & Ondernemingsontwikkeling: 2/5 punte
Generiese Ondernemings	40% van nettowaarde-punte 3.2/8 punte	40% van totale gewig van punte (uitsl. bonuspunte) 8/20 punte	40% van elk van die drie kategorieë: Voorkeurverskaffer: 10/25 punte & Verskaffer-ontwikkeling: 4/10 punte & Ondernemingsontwikkeling: 2/5 punte

### **Sal my besigheid genoeg punte op die telkaart verdien om aan nakoming te voldoen?**

Dit is belangrik om daarop te let dat, buiten vir die hoër teikens en moeiliker vereistes, die punte-tot-erkenningsvlak-tabel in die Nuwe Kodes ook aangepas is. Waar 'n onderneming voorheen meer as 30 punte op die telkaart moes verdien om as 'n Vlak 8-bydraer te kwalifiseer, moet 'n onderneming nou meer as 40 punte op die Nuwe Kodes-telkaart verdien om te voldoen aan die laagste vlak (Vlak 8). Om vir Vlak 4 te kwalifiseer, sal 'n onderneming nou meer as 80 punte op die Nuwe Kodes-telkaart moet verdien.

In 'n geval waar die besigheid minder as 40 punte op die Nuwe Kodes-telkaart gaan verdien, is dit dalk nie sinvol om nou 'n BEE-verifikasie te laat doen nie. Indien jy vir 'n wyle sonder 'n B-BBEE-sertifikaat oor die weg kan kom, sal dit jou meer baat om die dienste van 'n B-BBEE-konsultant in te roep om jou nakoming van sommige areas te verbeter voordat jy weer aan die verifikasieproses deelneem. Hou egter in gedagte dat die meeste van die telkaart-elemente gemeet word aan nakoming gedurende jou laaste finansiële jaar (m.a.w. retrospektief).

Voorkom dat jy onkant betrap word of te min tyd oor het om die voorgeskrewe veranderinge aan te bring en kontak die CORE BEE-span dadelik. Ons het onself só geposisioneer dat ons in staat is om óf konsulterende en raadgevende dienste óf verifikasiedienste aan ons kliënte te bied. Vir enige B-BBEE-verwante bystand, kontak asseblief die CORE BEE-span.



Vorberei deur CORE BEE  
Vir meer inligting, skakel 051-448 8188





the future - **now**



the **CORE**  
group



[www.thecoregroup.co.za](http://www.thecoregroup.co.za)